





# skedelkuspark



1

**O**p die oog af is die Skedelkuspark 'n barre en onverbiddelike landstreek. As u egter bereid is om u waarnemingsvermoë ten volle in te span en genoeg tyd bestee, sal u die mistiek en fyn nuanses van die natuur wat hier in sy kwesbare mistigheid verskuil is, op sy beste ervaar.




2

1 Die Kaapse pelsrob
2 Diogo Cão se kruis by Kaap Kruis

Dit is 'n interessante landstreek, met 'n boeiende geskiedenis vol verhale van ryk diamant- en ander mineraalafsettings wat hoopvolle fortuinsoekers van oral gelok het, net om later, teleurgesteld en ontnugter, met leë hande weer die gebied te verlaat.

Die mees algemene roete is kuslangs van Swakopmund met sy besondere Duitse atmosfeer deur die Nasionale Weskus Toeriste Ontspanningsgebied met sy ligeenbedekte vlaktes verby die eiesoortige vakansiedorpie, Wlotzka's Baken en die groter vakansiedorp Hentiesbaai. Onderweg het u waarskynlik aangedoen by Kaap Kruis om die indrukwekkende kolonie Kaapse pelsrobbe daar te besigtig. Kaap Kruis het sy naam gekry nadat die Portuguese seevaarder, Diogo Cão, in 1486 'n kruis daar geplant het.

3



4

3 Die hek na die Park
4 Duinelandskap



5

Replikas daarvan staan vandag nog op 'n klipperige bultjie naby die strand met sy derduisende robbe.

Daar is 'n duidelik aangeduide afdraaipad na die wrak van die "Winston", slegs 'n paar kilometer suid van die toegangshek by die Ugabrivier. Dit is een van die baie skeepswrakke langs dié verraderlike kus met sy toepaslike naam. Let daarop dat die soutpan langs die pad baie misleidend is. Onder geen omstandighede moet u probeer om daaroor te ry nie — selfs nie met 'n vierwiel-aangedrewe voertuig nie.


'n Besoek aan die wrak is altyd die moeite werd. Die wrak en die opdrifsels op die strand, is die stille getuienis van die onstuimigheid van die Atlantiese Oseaan langs hierdie deel van die kuslyn. Die wrak is ook 'n gewilde nesmaakplek vir Trekduikers, wat hoë seewierneste op die maste en die boeg van die wrak gebou het.

By die inganghek, op die suidelike oewer

6



5 Trekduikers
6 Die wrak van die Winston



7

van die Ugabrivier moet u u toegangpermit toon of aankoop. Nadat u deur die hek gery het, behoort u heel eerste in die bedding van die Ugabrivier stil te hou. Hier sal u kennis maak met die uiteenlopende plant- en dierelewe wat in al die rivierbeddings van die streek voorkom. Die bedding van die Ugabrivier is gewoonlik droog en dit strek vir byna 500 kilometer van sy verste opvanggebied in die binneland. Saam met die ander wes-vloeiende riviere vervul die Ugab 'n belangrike funksie as lyn-oasis wat dit vir plant en dier moontlik maak om in hierdie dorre gebiede te oorleef.

As u gelukkig is, sal u springbokke, gemsbokke of selfs 'n bruin hiëna óf leeus hier teëkom. Let ook op vir die akasiaspesies en die uitheemse wilde Jan-twakplante *(Nicotania glauca)*. Laasgenoemde is 'n uitheemse plant wat deur die periodieke vloedwaters afgevoer word. Sommige is verwyder in 'n proefneming om vas te stel wat die uitwerking daarvan op die inheemse plantegroei is.

Daar is 'n interessante voetslaanpad in die loop van die Ugabrivier. Reëlings om die pad te stap moet in Windhoek by die

7 Interessante duineskakerings
8 Gemsbokke



8





9

Direktoraat se sentrale plekbesprekingskantoor getref word en brosjures met bykomende inligting is ook daar verkrygbaar.

Van die Ugabrivier af loop die pad noordwaarts parallel met die kus waar die nuwe besoeker se waarnemingsvermoë tot die uiterste getoets sal word om die skynbaar onbenullige lewensvorme op die uitgestrekte gruisvlaktes te waardeer. Dit is die heel beste om langs die pad stil te hou en die vlaktes te voet te verken.

U sal gou agterkom dat die groenerige skynsel wat u uit u motor sal sien eintlik ligeenoortrekte klippe is. Ligene of korsmos, is "plante" wat bestaan uit alge en swamme wat slegs in 'n simbiotiese verhouding kan bestaan. Die een verskaf voeding deur fotosintese, terwyl die ander vog opneem. Die ligene wat u hier sien kom slegs in kusgebiede voor. Op koel, mistige oggende is hulle kleure op die helderste, wanneer die 'blaartjies' oopmaak om die vogtigheid op te vang. Sodra dit warmer word, vou som-



10

9 Ligeenpatroon
10 Verskeie ligeen spesies

miges toe en lyk hulle byna dood. Op party plekke kan u tot vyf verskillende soorte ligene op dieselfde klip sien groei, met kleure wat wissel van donker oranje tot skakerings groen en 'n dowwe swart.


Hierdie vlaktes is ook die broeiplek van die skaars swart-en-wit Damarasterretjie. Dié voeltjies se nessies en eiers is so goed gekamoefleer dat u versigtig moet wees om nie daarop te trap nie. Die Damarasterretjie word veral deur menslike versteuring bedreig en word daarom streng beskerm.


Die gruisvlaktes, met hul besondere planten dierelewe is uiters sensitief vir die skade wat met voertuie aangerig word, deur persone wat onwettig van die goedgekeurde paaie afry. Daar is talle lewensvorme om en onder die klippe wat deur voertuigbande vernietig word, soos byvoorbeeld die eiers en kuikens van die Damarasterretjie. Daarby is die boonste laag gruis op die vlaktes bros en word dit deur die gewig van voertuie saamgepers. Sodoende word die grondstruktuur dan drasties verander en 'n permanente letsel gelaat. Ligene word ook deur voertuie beskadig en neem baie lank om weer te hervestig. Sommige deskundiges glo dat dit so lank soos 'n eeu kan neem vir die oppervlakte om genoegsaam te herstel sodat ligene weer kan groei.

As u 'n klip sou optel om die ligene van nader te bekyk, sorg dat u dit weer net so terugsit. As u dit anders neersit, kan dit die ligeen ontneem van die klein hoeveelheid vog wat dit nodig het om te lewe omdat die mis gewoonlik uit dieselfde rigting kom.

'n Ander bekende gesig is die swart en wit kewers en silwermotte van die Namib.


11





12

11 Die Grysstrandkiewiet se eiers
12 Voertuigspore skend die woestyn



Hulle skarrel tussen die klein hopies sand wat om die basis van die dwergstruike ophoop. Hierdie kewers en silwermotte, wat oral in die Namib voorkom, skuil in dié sandhopies en leef van die uitgedroogde plantreste wat deur die wind daar versamel word.

Die volgende rivier verder noord is die Huab, 'n oeroue gletserrivier. Al is die Huab nie so lank soos die Ugabrivier nie, is dit net so belangrik omdat dit ook soos die Ugab kos en skuilplek aan 'n menigte diersoorte bied. Beide riviere bied ook kos aan groter soogdiere soos olifante en swartrenosters, gemsbokke, sebras en springbokke.

Voëlkykers moet veral oplet na die minder algemene Visvalk wat soms naby die monding van die Huabrivier voorkom.

Noord van die Huabrivier, sal u klein walvisvormige "loopduine", ook barkaanduine genoem, sien, wat stadig deur die heersende suidweste winde oor die gruisvlaktes gedryf word.



13 Besondere sandteksture
14 Die Skedelkuspad



15

Tussen die Huab en die oënskynlik onbeduidende Koichabrivier kan u na die wrak van die vissersboot "Atlantic Pride" gaan kyk. 'n Entjie verder sal u op 'n eienaardige verroeste struktuur aan die oostekant van die hoofpad afkom. Hierdie verlate olieboortoring was, voor die park geproklameer is, deur 'n optimistiese ondernemer opgerig. Nou, is dit die nesmaakplek van 'n kolonie Trekduikers.

Die verroeste toring vorm 'n skerp kontras met die lawaaierige voëls, wat gedurig met vis of seewier heen en weer vlieg. Dié kolonie lok ook jakkalse, wat dikwels onder die toring aas, en soms die skrikaanjaende, maar in werklikheid skugter bruin hiëna of strandjut. Omdat dit 'n nagdier is en dus selde bedags gesien word, sien mens dikwels net hul spore, met die kenmerkende groot voorpoot en kleiner agterpoot.

Die Koichabrivier is so onopsigtelik dat mens dit maklik kan mis, maar tussen die struikagtige plantegroei is daar dikwels gemsbokke, springbokke en volstruise wat ook kenmerkend van die rivier is.

'n Ent na die Koichab is die enigste ander toegangspad na die park wat van Khorixas kom en deur die hek gaan by Springbokwasser. Hierdie pad gaan by 'n reeks barkaan-

15 Slagoffer van die Skedelkus
16 Verlate olieboor by Toscanini

16





17

duine verby, tot by die koppies en berge van die eskarpement. Die gryskleurige skakerings hier word deur 'n besonder ryk ligenegroei veroorsaak. Verder oos op dié pad sal u afkom op die beroemde *Welwitschia mirabilis* wat hier in die droeë lope groei.


Hierdie tweeblarige lid van die keëlfamilie, kom net in die Namib voor. Gaandeweg sien mens meer verskillende plante, soos byvoorbeeld die *Euphorbia damarana*, met sy kenmerkende stywe dun blare.

Die volgende stilhouplek is Torrabaai, waar 'n kampeerterrein met basiese toiletgeriewe, maar geen water, hout, brandstof of enige alternatiewe akkomodasie beskikbaar is nie. Gedurende die Desembervakansieseisoen, is daar wel water en brandstof beskikbaar asook 'n kiosk wat basiese kosvoorrade en kleiner behoeftes aanhou.

By Torrabaai is die hengel uitstekend en daarom is hierdie kampplek oor die kersseisoen gewoonlik vol.

Daar is streng voorskrifte oor waar 'n mens mag vis vang. Die hengelgebiede by Torrabaai word met aanwysers afgebaken. Buite hierdie gebied mag niemand die paaie met

18





17 Strandblik
18 Springbokke

voertuie verlaat nie en geen vis mag ook daar gevang word nie.

Wanneer u die park binnegaan sal u 'n lys voorskrifte kry oor die gebiede, grootte, hoeveelheid en soorte vis wat u mag vang, asook watter aas u mag gebruik. Hierdie voorskrifte word streng deur beamptes van die Direktoraat toegepas om te verhoed dat die natuurlike hulpbronne uitgeput raak.

Na Torrabaai begin die noordelike Namib se duine weer, met barkane wat noordwaarts in die rigting van die reuse duinvelde [illegible]. Die wit kewers wat u in die gebied sien rondskarrel, het 'n unieke manier waarop hulle water bekom. Hulle kan vroeg op mistige oggende gesien word, waar hulle letterlik op hulle koppe staan om die druppels water te drink wat op hul lyf vergader en teen hul maag afloop, na hul mond.

19



20


Nog verder noord van Torrabaai is die Uniabdelta. Dit beloof om 'n hoogtepunt van u reis te wees. Die delta bestaan uit vyf hooflope, maar tans vloei die wisselvallige water slegs in een daarvan. 'n Aantal rietomringde syferpoele in die loop, is 'n voëlkyker se paradys.

By die tweede loop, is daar 'n parkeerterrein, met 'n klein geboutjie aan die linkerkant. Dit is die beginpunt van 'n seskilometer voetpad, wat u neem na 'n smal skeur en 'n 'waterval'. Dit is 'n stroompie water wat oor die rooi en geel rotse vloei na 'n poel naby die see. Hier sal u dalk gelukkig genoeg wees om volstruise, gemsbokke en springbokke met die see as agtergrond te sien — 'n besondere gesig wat beslis die moeite werd sal wees.

Die verskeidenheid vetplante, die voëllewe

19 Stywe lyne
20 Die dag se vangs



21

By die derde loop is daar nog 'n parkeerplek. Hierdie keer loop die pad na 'n skuiling wat langs 'n watergat opgerig is. Daar is 'n gang met rubbermatte waarlangs mens die skuiling kan nader sonder om die diere te versteur. Dit is die ideale geleentheid om voëls en diere van naby dop te hou. U mag selfs gelukkig genoeg wees om 'n leeu, ystervark, bruin hiëna of rooijakkals te sien, aangesien dié diere almal al hier aangetref is.

'n Parkeerplek op 'n hoogte net bokant die vyfde loop bied die geleentheid om af te kyk op 'n reeks van vyf poele, waar wild en baie verskillende soorte watervoëls soos Kleindobbertjies, Bontelsies, Kolganse, Waterhoenders, Flaminke, Strandlopers en ander soorte moerasvoëls voorkom. Dit is belangrik om so stil as moontlik te wees, omdat die voëls met net die geringste steuring sal opvlieg. Die skugter, mooi Witkruispaddavreter, is ook 'n bekende inwoner van die delta.

Die Uniabdelta is 'n gebied met 'n groot verskeidenheid lewensvorme wat wag om

en die interessante rotse en klippe op die roete, kan mens lank besig hou.

Die roete loop af na die see, waar dolfyne en robbe dikwels gesien kan word, en daarvandaan terug na die teenoorgestelde wal van die rivier. Die aanskoue van die Namibkus se endemies en skaars Heaviside se dolfyn, sal vir enige natuurliefhebber 'n unieke ondervinding wees.

Hier moet mens weer die oë oop hou vir die kleiner besonderhede; die spore van knaag- en ander diere, die insekte en die fyn blommetjies van sommige plante.



22

21 Uniabteksture
22 Die Teeleend



23

ontdek te word. Die omgewing kan egter so maklik deur onnadenkendheid beskadig word.

Na die Uniabdelta lê u eindbestemming, Terracebaai, nog voor. Die laaste stuk van die pad neem u verder oor die gruisvlaktes, maar gaandeweg sal u opmerk hoe die duine aan die oostekant al hoe groter en meer opsigtelik word.

Die restaurant bied uitstekende etes en in die atmosfeerryke kroeg kan mens lekker aan die gesels raak, oor die dag se vangs, of net die wonder van die landskap waardeur u so pas gereis het.

Terracebaai is 'n eertydse mynnedersetting, wat in 'n klein, maar eksklusiewe, ruskamp met aangename rushuise omskep is. Hier is brandstof, water en basiese motorherstel-

23 Uniabwatergat
24 Uniabcanyon

24





geriewe beskikbaar. By die winkel kan u u voorrade aanvul en aandenkings van u besoek aan die Skedelkus koop.


Terracebaai is bekend vir sy goeie hengelplekke en die plaaslike beamptes ken die omstandighede goed en weet gewoonlik waar die beste hengelplekke is.

Onthou dat hengel beperk word tot sekere gebiede en dat as u nie op die voorgeskrewe roetes hou nie, u skuldig is aan 'n oortreding. Nog erger is die feit dat u deur sodanige optrede, feitlik permanente skade aan die sensitiewe omgewing aanrig.

Die Skedelkuspark bied u 'n ondervinding wat nêrens anders in die wêreld geëwenaar kan word nie. Die woestyn is sensitief en misterieus en daarom word net diegene wat die moeite doen om tydsaam en te voet dié wêreld te verken, met die verborge geheimenisse van die woestyn beloon.

## HANDIGE WENKE VIR BESOEKERS

Brandstof en water is slegs by Terracebaai verkrygbaar. Basiese voorrade en aas is ook by die winkel op Terracebaai beskikbaar. Brandstof en 'n kiosk is slegs in Deser[illegible]r op Torrabaai beskikbaar. Die naaste dorpe aan die Skedelkus, is Khorixas in die ooste en Hentiesbaai in die suide. Die hoofpaaie in




25


die park is geskik vir sedanmotors. Dit is altyd wys om water en basiese onderdele ten alle tye met u saam te neem. Die klimaat is gewoonlik koud en winderig, met mis in die oggende en aande. Windjekkers, langbroeke en warm kouse is noodsaaklik, asook beskerming teen die son. Dit is ook raadsaam om handboeke oor voëls, diere en plante met u saam te neem.

Die ruskamp by Terracebaai het 'n restaurant, twee kroeë, en 'n goed voorsiende winkel. Die rushuise het elk 'n badkamer met stort, toilet en wasbak.

Onthou om ten alle tye u plekbesprekingsbewys by u te hou. In die hele park kan mens net by Torrabaai kampeer. Slegs besoekers met plekbesprekings vir Terracebaai word daar toegelaat aangesien dit 'n eksklusiewe kamp is.

26






27

## BESPREKINGS

Alle besprekings moet gemaak word deur die sentrale besprekingskantoor van die Direktoraat van Natuurbewaring en Ontspanningsoorde in Windhoek. U word aangeraai om vroegtydig u besprekings te maak om teleurstelling te vermy. Die plekbesprekingskantoor in Windhoek is langs die Hoofposkantoor in Kaiserstraat geleë. Die adres is Plekbesprekings, Privaatsak 13267, Windhoek, 9000. Telegramme: NATSWA, Windhoek. Telefoonnommer: (061) 36975.

25 Terracebaai rushuise
26 Ontspan in die kroeg
27 Tee op die terras




Fotografie, ontwerp en produksie:
Advantage Windhoek
Posbus 21593. Tel. (061) 22-5665.